

22 Mei

Galasiërs 6:1-10, (Teks: 5:22)

Die Heilige Gees werk vrug in jou lewe

Vandag geniet ons verder van die vrug wat die Heilige Gees in ons bewerk, naamlik vrede, geduld en vriendelikheid.

VREDE is harmonie met God, jou naaste, die skepping en jouself. God bewerk vrede met sy skepping en gemeente deur Jesus Christus. Jy word geroep om in vrede te leef met medegelowiges en sover moontlik met alle mense. Word jou vrede verdring deur frustrasie, aggressie, haat of twis? Bid dat God se vrede jou sal omvou en die Heilige Gees jou as 'n vredemaker sal gebruik in 'n wêreld van disharmonie.

GEDULD is kalmte te midde van uitlokking en teenspoed. God stel sy toorn teen sy kinders uit. Hy straf eerder sy eie Seun en betoon sy geduld aan sondaars. Daarom moet jy geduldig wees met jou naaste se gebreke. Aanvaar jou medegelowige en gee hom/haar ruimte om teen sy/haar eie tempo te groei. Bid dat die Heilige Gees jou geduld sal gee: met God, jouself, jou huisgenote, juis as hulle jou irriteer en frustreer.

VRIENDELIKHEID is die gesindheid en optrede wat jou naaste bevoordeel. God bewys sy onbegryplike genadige vriendelikheid aan sondaars in Christus. Hy stort sy liefde in ons uit deur sy Heilige Gees. Bid dat die Heilige Gees jou genade sal gee vir elkeen wat op jou pad kom, ook aan jou vyande.

Sing: Skrifberyming 21:4

Dr. V. Combrink (Andeon)